

Die hoëpriester sterf

Num 20:14-21:3

22 Augustus 2021

1. Aäron, die hoëpriester, sterf (Num 20:22-29)
 - a. Swaar tyd vir Moses: Mirjam sterf, eie ongehoorsaamheid, Edom weiering, Aäron sterf
 - b. Aäron sterf op Horberg, weens sy ongehoorsaamheid by Meriba
 - c. Moses trek vir Eleasar hoëpriesterlike klere aan voor Aäron sterf (vgl Eks 29:5)
 - d. Volk treur vir 30 dae
 - e. Die hoëpriester is dood!
 - i. Hy was toegang tot heiligdom, tot versoening, tot lewe (bottende kierie)
 - f. Daar is hoop:
 - i. “Word by sy volksgenote versamel” – daar is lewe na die dood (v24)
 - ii. Eleasar word hoëpriester voor Aäron sterf
 - iii. Normale lewe vir die wat skuldig is aan manslag (Num 35:28)
 - iv. Heb 7:20-25:
 - Jesus is nie Priester uit Levi nie, wel uit Melgisedek d.m.v. eed van die Here (v20-22, Ps 110:4)
 - Jesus is Hoëpriester vir ewig, geen opvolger nie (v23-25)
 - g. Aäron sterf gewillig: weet hy het gesondig, weet daar is vergiffenis, die Here het sterfdag bepaal, daar is lewe na die dood, daar is opvolger vir hom
2. Edom weier deurtog aan Israel (Num 20:14-21)
 - a. Edom is nageslag van Esau (Gen 36:1)
 - b. T.p.v. goed gemotiveerde versoek, weier Edom deurtog
 - c. Deut 2:1-8 – Edom was bang vir Israel, Israel sal nie deel van Edom ontvang nie
 - d. Later in OT, profesieë teen Edom: Jes 21:11-12, Jer 49:7ev, Eseg 25:12ev, Amos 1:11, Obadja
3. Kanaäniete word verslaan (Num 21:1-3)
 - a. Arad veg teen Israel.
 - b. Israel beloof om hulle met banoffer te tref.
 - c. Die Here gee die oorwinning – by Gorma (vgl Num 14:45)
4. Toepassing:
 - a. Benodig insae in die Here se plan om sin te maak uit Edom en 2 Gorma insidente
 - b. Soortgelyke gebeure in ons tyd: Onderhandelinge (Brittanje/EU, Amerika/China), Afghanistan – 2001 vs 2021
 - c. Nuusdekking van wêreldgebeure gee oppervlakkige verklarings
 - i. Onderhandelinge – finansiële gewin, Afghanistan – voorkoming van terreur, covid19 – inenting is oplossing, aardbewing in Haiti – natuurramp, frats weerstoestande - aardverwarming
 - d. Die kerk met insae in die Here se wil moet dieper perspektief gee:
 - i. Die Here is op pad met Sy koninkryk na nuwe hemel en aarde!
 - ii. Oproep: Word wakker en kom in terwyl daar geleentheid is!
 - iii. Aan die wat deel is: Groei in heiligheid!
 - iv. Aan die wat nie deel is nie: Verwag die oordeel van die Here!